UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## WOPKE SJERPS WIERDA EN SY GESIN IN HEMRIK EN WIJNJETERP (FRIESLAND) TOT OMSTREEKS 1860

### 1. DIE AFKOMS VAN SYTZE WOPKES WIERDA

Op 1 Maart 1839, om tweeuur namiddag, het Wopke Sjerps[1] Wierda, 'n agt-en-dertigjarige los-vas arbeider en huisslag=ter van Hemrik, 'n gehug, geleë aan die hoofweg tussen Gorredijk en Bakkeveen in die Nederlandse provinsie Friesland, sy opwagting in die „gemeentehuis" van Beetsterzwaag gemaak. Daar, in die teenwoordigheid van die „grietman", mr. Saco van Teijens, „ambtenaar van den burgerlijken stand der Grietenij Opsterland",[2] en twee klerke, H.J. Beetsma en C. Koopmans, het hy 'n verklaring afgelê dat sy huisvrou, Pietertje Roelofs de Vries, op 28 Februarie „des avonds ten zes uren ten zijnen huize te Hemrik", die lewe aan 'n seun, Sytze, geskenk het.[3]

#### i. Afkoms aan vaderskant

Sytze Wopkes Wierda, die vyfde kind uit 'n gesin van sewe, waarvan drié seuns en viér dogters was en die enigste seun van Wopke Sjerps Wierda en Pietertje Roelofs de Vries wat in Hemrik gebore is, het aan vaderskant van 'n eeue-oue Friese geslag afgestam. Sy afkoms kan skematies soos volg voorgestel word:

Jan Sytzes Wierda, geb. ± 1595, oorl. 1632; in 1622 getr. met Pier Jelle-dochter.

↓

Sietse Jans Wierda, oorl. 1666; in 1658 vir derde keer getr. met Tjepken Tysses Pecama.

↓

Hylke Sytzes Wierda, geb. 1659, oorl. 1724; in 1693 vir tweede keer getr. met Aafke Sjerps Swerms.

↓

Sjerp Hylkes Wierda, geb. 1707; in die begin van die dertiger=jare getr. met Uijlkjen Meinses.

↓

Hylke Sjeerps Wierda, geb. 1733, oorl. 1818; vir derde keer getr. met Neltje Sytzes (1739-1782/1805).

↓

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sjerp Hylkes Wierda, geb. 1763, oorl. 1855; in 1789 getr. met Haebeltje Wopkes van der Wal (1768-1848).

Wopke Sjerps Wierda, geb. 1800, oorl. 1859; in 1827 getr. met Pietertje Roelofs de Vries (1806-1879).

Sytze Wopkes Wierda, geb. 28.2.1839.

Uit genealogiese gegewens blyk dit dat Sytze Wierda aan die een kant uit 'n eenvoudige milieu voortgekom het, maar aan die ander kant is dit weer opmerklik dat een van sy verre voorvaders reeds teen die einde van die sewentiende en aan die begin van die agtiende eeu 'n vooraanstaande posisie in Doniawerstal, sy plattelandse omgewing, verwerf het. Dit was óók die geval met afstammelinge van laasgenoemde. Aan vaderskant stam die Wierda-familie dus uit 'n ou Friese geslag wat ook in vroeër tye eer en aansien geniet het.

Aangesien daar oor die Wierda-familie in die sestiende en vroeëre eeue min met sekerheid bekend is, begin die verwysing na die „oudere generaties" met Jan Sytses Wierda, wat omstreeks 1595 gebore en in 1632 in Teroele, 'n klein dorpie in die „gemeente" Doniawerstal, oorlede is. In Februarie 1622 het hy in Harich, in die gras- en bosryke Gaasterland, met Pier Jelle-dochter in die huwelik getree.

Uit hierdie huwelik is Sietse Jans Wierda gebore. Hy was drie keer getroud en uit elke huwelik is kinders gebore. Op 21 November 1658 - bykans agt jaar voor sy afsterwe op 15 Mei 1666 - het hy in Luinjeberd, 'n dorpie in die „gemeente" Heerenveen, met sy derde eggenote, Tjepken Tysses Pecama, in die huwelik getree.

Die eerste seun uit dié huwelik was Hylke Sytses Wierda, wat op 18 September 1659 in Langweer, die hoofdorp van die „gemeente" Doniawerstal gebore en in 1724 in Harich oorlede is.[4]

Hylke Sytses Wierda was as 'n volwassene 'n „bijzitter"[5] van die „grietenij" Doniawerstal en daardeur het hy nie alleen een van die bekendste telge uit die Wierda-geslag geword nie, maar ook een van die vermeldenswaardige voorvaders van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sytze Wierda, en iemand wat op grond van sy persoonlikheid, ver= standigheid en invloed hierdie belangrike posisie in sy tyd en omgewing beklee het.

Wanneer in gedagte gehou word dat ten tyde van die lewe van Hylke Sytses Wierda die „bijzitters" deur die „grietman" uit die verstandigste en beste inwoners van die „grietenij" benoem is,[6] meesal tot 'n getal van vier, en dat hy een van diegene was wat dié eer en onderskeiding te beurt geval het, dan kan uit sy benoeming en ampsbekleding afgelei word dat hy 'n invloedryke, verstandige en vooraanstaande Fries van sy tyd en omgewing was.[7]

Blykens die verkoop van sy nalatenskap bestaande uit ses „zathen met landen"[8] en 'n tiental huise, soos dit in die „Proclamatieboeken" van Doniawerstal van 1729 en 1730 beskrywe word, was Hylke Sytses Wierda, die „bijzitter" of „mederechter" van die „Gerecht" van die „grietenij" Doniawerstal, 'n ver= moënde man.[9]

Die tweede vrou met wie Hylke Sytses Wierda op 24 Desem= ber 1693 in die huwelik getree het, was Aafke Sjerps Swerms, van Harlingen. Uit hierdie tweede huwelik van Hylke Sytses Wierda is daar vyf kinders gebore. Een van hulle was Sjerp Hylkes Wierda, wat op 28 Desember 1707 in Idskenhuizen, 'n dorp in die „gemeente" Doniawerstal, gebore en daar op 1 Janua= rie 1708 gedoop is. Hy was 'n dorpsontvanger te Tjerkgaast, 'n dorp in die suidwestelike gedeelte van die „gemeente" Doniawerstal, en het 'n belangrike posisie in die samelewing van laasgenoemde dorp beklee. Ofskoon hy nie so 'n vooraan= staande openbare figuur soos sy vader, die „bijzitter" was nie, het hy tog in 'n sekere sin in sy vader se voetspore gevolg deur die bekleding van 'n openbare amp. In die begin van die dertigerjare van die agtiende eeu het hy met Uijlkjen Meinses, van Oosterzee, in die huwelik getree en uit dié huwelik is vyf seuns en een dogter gebore.

Een van Sjerp Hylkes Wierda se seuns wat op 26 April 1733 in Tjerkgaast gebore en op 1 Mei 1733 gedoop is, was

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hylke Sjeerps Wierda. Sy beroep word as „huisman" aangegee.[10] Dit is nie seker of Hylke Sjeerps Wierda 'n boer was wat op 'n hoewe geboer het wat hy van sy ouers geërf het nie en waardeur hy as 'n „huisman van Tjerkgaast" bekend gestaan het en of hy reeds, binne twee geslagte na die „bijzitter", grootvader Hylke Sytses Wierda, self nie meer oor 'n eie hoewe beskik het nie en daardeur „huisman", in 'n enigsins mindere beteke= nis van die woord, geword het.[11] Heel waarskynlik het die vaste eiendomme wat die grootvader van Hylke Sjeerps Wierda in sy besit gehad het, ná laasgenoemde se dood, uit die besit van sy kinders geraak, of in elk geval uit die besit van sommige van hulle, onder wie die vader van Hylke Sjeerps Wierda. Uit sekere bronne blyk dit dat hy dorpsregter van Tjerkgaast was.

Uit die voorafgaande blyk dat die grootvader, Hylke Sytses Wierda, en sy seun, Sjerp Hylkes Wierda, sowel as sy kleinseun, Hylke Sjeerps Wierda, aldrie openbare ampte beklee het.

Hylke Sjeerps Wierda is op 'n betreklike hoë ouderdom op 13 of 14 Desember 1818 oorlede. Hy was drie keer getroud. Sy derde vrou was Neltje Sytses, wat in Mei 1739 gebore en op 7 Junie van dieselfde jaar in Idskenhuizen gedoop is. Sy was 'n dogter van Sytse Rintjes en Akke Fetses. Die datum van haar oorlye word tussen die jare 1782 en 1805 gestel. Uit haar huwelik met Hylke Sjeerps Wierda is sewe kinders ge= bore, van wie die oudste seun, Sjerp Hylkes Wierda, op 22 Augustus 1763 in Tjerkgaast gebore en op 11 September van dieselfde jaar gedoop is.[12]

Sjerp Hylkes Wierda het sy bestaan as 'n boer in Tjerk= gaast gemaak en is op 18 Februarie 1855 in Woudsend, 'n „kom= dorp" in Wymbritseradeel, in die provinsie Friesland, oorlede. Op 20 Desember 1789 het hy in Tjerkgaast in die huwelik getree met Haebeltje Wopkes van der Wal wat, volgens haar oorlydens= akte, in 1768 in Sloten gebore en op 4 Januarie 1848 in Woud= send, die sterfplek van haar man, oorlede is. Sy was 'n dogter van Wopke Uilkes, wat op 21 Mei 1787 in Sloten oorlede

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is. In Desember 1826 word die beroep van Sjerp Hylkes Wierda net soos in die geval van sy vader, ook met die benaming „huisman" aangedui.[13]

Uit hierdie egverbintenis is daar tussen die jare 1791 en 1814 agt kinders gebore, onder wie Wopke Sjerps Wierda as die vierde kind van die egpaar. Hy is op 8 Junie 1800 in Tjerk=gaast gebore, op 6 Julie 1800 gedoop en het op 22 Februarie 1827 in die huwelik getree met Pietertje Roelofs de Vries, van Hemrik, en uit dié huwelik is, onder andere, Sytze Wopkes Wierda op 28 Februarie 1839 in sy moeder en grootouers se tuis=dorp gebore.[14]

ii. <u>Afkoms aan moederskant</u>

Pietertje Roelofs de Vries (1806-1879), die moeder van Sytze Wierda, was 'n dogter van Roelof Ebeles de Vries, wat omstreeks 19 Desember 1756 in Hemrik gebore en aldaar op 2 Januarie 1757 gedoop is. As volwassene was hy as arbeider in Hemrik werksaam waar hy ook op 10 Desember 1832 oorlede is. Hy het op 1 Desember 1793 in Lippenhuizen in die huwelik getree met Antje Pieters de Vries wat op 16 Januarie 1766 in Wapse (Drenthe) gebore en op 30 Oktober 1768 in Lippenhuizen gedoop is. Sy is op 11 April 1848 in Hemrik oorlede. Twee jaar na haar dood het haar skoonseun, Wopke Sjerps Wierda en sy gesin uit Hemrik weggetrek en hulle in Wijnjeterp gaan vestig.

Roelof Ebeles de Vries (1756-1832), die vader van Pietertje Roelofs de Vries, was 'n seun van Eebel Willems en Grytje Roels wat op 19 Oktober 1755 in Lippenhuizen getroud en tussen die jare 1769 en 1805 oorlede is.

Antje Pieters de Vries (1766-1848), die moeder van Pietertje Roelofs de Vries, was 'n dogter van Pyter Binnes, wat tussen die jare 1773 en 1766 oorlede is, en Grietje Hettes, wat in 1734 gebore, op 3 Julie 1749 in Lippenhuizen met Pyter Binnes getroud, en op 16 Julie 1806 in Hemrik oorlede is.[15]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. WOPKE SJERPS WIERDA AS GESINSHOOF IN HEMRIK EN WIJNJETERP

### i. Die broers en susters van Wopke Wierda

Wopke Sjerps Wierda, wat op 8 Junie 1800 in Tjerkgaast gebore en ook daar op 6 Julie gedoop is, was die vierde kind en tweede seun van Sjerp Hylkes Wierda (1763-1855) en Haebeltje Wopkes van der Wal (1768-1848). Sy oudste broer was Hylke Sjerps Wierda (1791-1851), aanvanklik werksaam as timmerman in Tjerkgaast en later as arbeider in Idskenhuizen. Die tweede kind was 'n dogter, Ylke Sjerps Wierda, wat in 1795 ge=bore is, en die derde kind was ook 'n dogter, Neltje (of Neeltje) Sjerps Wierda, gebore in 1797. Sy het in Tjerkgaast as diensmeisie gewerk tot met haar huwelik in 1818 met Pieter Wiebrens van der Vaart, 'n vragskipper van Sloten. Die vierde kind was Wopke Sjerps Wierda, en na hom het Sietze Sjerps Wierda (gebore 1803) gevolg en Willem Sjerps Wierda (1806-1859), wie se beroep as 'n werkman in Sloten aangegee word. Die sewende kind was Ate Sjerps Wierda (1809-1881),[16] wat sy bestaan as kuiper in Sloten gemaak het. Hy is gevolg deur Wiebe Sjerps Wierda, gebore 1814.[17]

Uit die gegewens in verband met die broers en susters van Wopke Sjerps Wierda blyk dit dat die meerderheid van hulle in Sloten, naby Tjerkgaast, gewoon het en werksaam was en dat die beroepe van timmerman, arbeider, arbeidster, diensmeisie, vragskipper, werkman en kuiper deur die broers, susters en swaers van Wopke Wierda beoefen is. Opmerklik is dat Hylke Sjerps Wierda, en in 'n sekere sin ook Ate Sjerps Wierda, ambagte beoefen het waarvoor hul broerskind, Sytze Wopkes Wierda, mettertyd belangstelling en aanleg aan die dag sou lê en waarin hy, as timmerman en argitek, meer as enigeen van sy familielede sou presteer.

### ii. Die jeugjare van Wopke Wierda

Geen gegewens kon oor die jeugjare van Wopke Sjerps Wierda opgespoor word nie. Toe hy in Desember 1826 begin reëlings tref het vir sy aanstaande huwelik, het dit geblyk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat hy in 1819, toe hy of die owerheid sy beroep as „landbouwer" aangedui het, vir militêre opleiding geloot is maar dat hy tot in Desember 1826 nog nie opgeroep was nie en dat hy dien= tengevolge ook nie meer in die toekoms opgeroep sou word nie. Volgens die gegewens wat in die bygaande „signalement" oor sy voorkoms verstrek is, was die negentienjarige Wopke Wierda „1 el 609 st." lank, dit wil sê ongeveer 1,5225 meter of 5 vt. 1 dm. Hy het 'n ovaal gesig, 'n ronde voorhoof, blou oë, 'n spitse neus, 'n groot mond en 'n ronde ken gehad, terwyl sy hare en wenkbroue blond was. Sy handtekening verskyn by hierdie persoonsbeskrywing van hom uit die jaar 1819.[18]

iii. Die huwelik van Wopke Wierda en Pietertje de Vries

Die ouers van die aanstaande bruidegom, Sjerp Hylkes Wierda, wat sy beroep as „huisman" aangegee het, en Haebeltje Wopkes van der Wal, destyds woonagtig in Sloten, het op 15 Desember 1826 soos gebruiklik persoonlik hul opwagting in Sloten voor Johannes Ruwide, Openbare Notaris, gemaak, ten einde hul toestemming te gee tot die huwelik van hul seun, Wopke Sjerps Wierda, 'n „boerenknecht" van Tjerkgaast, met Pietertje Roelofs de Vries, 'n „dienstmeid", woonagtig in Hemrik in die „grietenij" Opsterland. As getuies het opgetree W.P. van der Vaart, 'n vragskipper, en H.G. Holkema, 'n koop= man, albei van Sloten. Na die voorlesing van die huweliks= toestemming het sy vader sy naam geteken, maar nie die moeder nie, omdat sy, soos sy self aan die notaris verklaar het, „niet te kunnen schrijven als zulks niet geleerd hebbende."[19]

Die huwelik tussen Wopke Wierda en Pietertje de Vries is in Beetsterzwaag voltrek op 22 Februarie 1827 om tweeuur na= middag voor die „Assessor gedelegeerd officier van den Burger= lijken Stand der grietenij Opsterland, Prov. Vriesland." Ten tyde van sy huwelik was die bruidegom 26 jaar oud. Waar sy beroep in 1819 as „landbouwer" en in Desember 1826 as „boeren= knecht" aangedui word, word dit enkele maande later in die huweliksakte as „arbeider" aangegee. Heel waarskynlik was hy in daardie jare as 'n arbeider op 'n boerdery werksaam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toe sy huwelik voltrek is, het hy in Tjerkgaast, sy geboorte= plek, gewoon. Op daardie stadium het sy ouers ook in Tjerk= gaast gewoon. Waar sy vader in Desember van die vorige jaar sy eie beroep as „huisman" aangegee het, word die beroep in die huweliksakte as „boer" en dié van sy vrou as „boerin" aan= gedui.

Die bruid was ten tyde van haar huwelik met Wopke Wierda twintig jaar oud, 'n minderjarige „dienstmeid" wat in Hemrik gebore is en nog steeds daar woonagtig was. As minderjarige is sy bygevolg bygestaan deur haar vader, Roelof Ebeles de Vries, en haar moeder, Antje Pieters, albei arbeiders van beroep - waarskynlik ook werksaam op 'n boerdery in Hemrik, waar hulle woonagtig was. Voordat die huwelik op 22 Februarie 1827 voltrek is, is dit twee keer, op 24 en 31 Desember 1826, om 12 nm. voor die „grietenijhuis" van Doniawerstal „afgekon= dig".[20]

Kort voor die voltrekking van die huwelik was die finan= siële posisie van die aanstaande bruidegom van so 'n aard dat die huwelik gratis voltrek moes word, nadat die Bestuur van die „grietenij" op 5 Desember 1826 'n „certificaat van onver= mogen" uitgereik het.[21]

iv. <u>Die vestiging en verblyf van die Wierda-gesin in Hemrik</u>

Die indruk word gewek dat Wopke Sjerps Wierda vanaf sy geboorte in 1800 tot met sy huwelik in Februarie 1827 in Tjerk= gaast gewoon en gewerk het. Die vraag of hy sy aanstaande vrou, Pietertje Roelofs de Vries in Tjerkgaast, Hemrik of Nijega in die begin van 1826 of reeds vroeër ontmoet het, terwyl hy vir 'n tyd lank in laasgenoemde twee plekke vertoef of gewerk het, kan nie met sekerheid beantwoord word nie. Na hul huwelik het die egpaar na Luinjeberd verhuis, waar Roelof Wopkes Wierda in Julie 1828 gebore is. Vandaar is die gesin na Langweer waar Sjerp Wopkes Wierda in September 1832 die le= wenslig aanskou het. Daarna het die egpaar met hul twee seuns na Hemrik verhuis, maar voordat dit gebeur het, het hul ver= moedelik 'n tyd lank in Langezwaag en Luxwolde vertoef.[22]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verhuising van die gesin van Wopke Wierda na Hemrik moes plaasgevind het voor 21 Desember 1835, die datum waarop Antje Wopkes Wierda in Hemrik gebore is. Aangesien Roelof Ebeles de Vries, die skoonvader van Wopke Wierda, op 10 De=sember 1832 in Hemrik oorlede is, ontstaan die vermoede dat die gesin van Wopke Wierda kort vóór of ná die afsterwe van Roelof Ebeles de Vries na Hemrik verhuis het. Die vestiging in Hemrik in die eerste helfte van die dertigerjare het waar=skynlik verband gehou met die oorlye van Roelof de Vries. Daar bestaan die moontlikheid dat die Wierda-gesin besluit het om in die onmiddellike omgewing van hul weduwee-moeder te gaan woon, of dat Wopke Wierda die boerdery of werk van sy skoon=vader sou oorneem. Wat die werklike beweegrede was vir die verhuising van die Wierda-gesin na Hemrik ongeveer die helfte van die dertigerjare van die vorige eeu, kon nie met sekerheid vasgestel word nie. Dat die verhuising verband gehou het met die bejaardheid of oorlye van Roelof Ebeles de Vries, is egter moontlik. Die vermoede dat Wopke Wierda sy skoonvader De Vries in landgebruik opgevolg het, is egter ongegrond, veral in die lig van die feit dat Wopke Wierda en sy gesin op 'n heel ander huisnommer as dié van sy oorlede skoonvader in die bevolkingsregister van Hemrik ingeskrywe staan.

Aangesien dit uit die gegewens van die volkstelling van 1839 blyk dat die Wierda-gesin op daardie stadium in huis nommer 22 in Hemrik gewoon het,[23] is dit waarskynlik dat die gesin vanaf hul vestiging in Hemrik dié betrokke huis bewoon het. In die veertigerjare, voor hul verhuising na Wijnjeterp, het die Wierdas vir 'n tyd lank in huis nommer 23 gewoon.[24]

'n Kenner van die geskiedenis van die Woudstreek is van opinie dat dit moeilik is om uit die huisnommering van die volkstellingsaf te lei waar presies die verskillende wonings van die Hemrikse en Wijnjeterpse inwoners in 1829, 1839, 1849 en in 1859 gestaan het, daardie jare ten opsigte waarvan ge=gewens oor die verblyf van die Wierda- en ander gesinne in Hemrik en Wijnjeterp vir ons van belang sou wees. Uit die beskikbare gegewens kan nietemin afgelei word dat die woning

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Roelof Ebeles de Vries, skoonvader van Wopke Wierda, in 1829 tussen die arbeiderswonings van Hemrik,en digby dié van die groot veenbase, gestaan het, met ander woorde waar= skynlik aan die „Opsterlandse Compagnonsvaart".

Roelof Ebeles de Vries staan dan ook in die Hemrikse volkstelling van 1829 geboek as arbeider, op daardie stadium reeds 70 jaar oud en gebore in die westelike buurdorp, Lippen= huizen, net soos sy twee-en-sestigjarige vrou, wat as naaister 'n byverdienste gehad het.[25] Ook uit ander bronne blyk dit dat Roelof de Vries 'n arbeider van beroep was.[26]

Dit lyk of die De Vries-egpaar in 'n mate voldoen aan die 18de- en 19de-eeuse beeld van die suidelike Friese Woudstreek, naamlik van 'n trae trek vanuit die Weste na die Ooste, eers as werkers in die veengrawery en later as pioniers of arbeiders op die ontveende dalgronde.[27]


In die kadastrale gegewens van 1832 kon geen landseien= dom in die naam van Roelof Ebeles de Vries gevind word nie.[28]

In die lig van die probleem wat opgeduik het ten opsigte van die presiese lokalisering van die De Vries-woning, is dit om dieselfde rede op hierdie stadium en met die gegewens tot ons beskikking 'n ewe moeilike taak om die ligging van die Wierda-woning in Hemrik, tewens ook die geboortehuis van Sytze Wopkes Wierda, te probeer vasstel.

## v. Hemrik en Wijnjeterp in die tyd van die Wierdas (1830-1860)

Aangesien veenontginning een van die belangrikste faktore in die ontwikkelingsgang van die Opsterlandse „grietenij" in Friesland was, word daar gewoonlik drie tydperke onderskei, naamlik 1. 'n vóór-veenkoloniale tydperk (1200-1700); 2. 'n veenkoloniale tydperk (1700-1900) en 3. 'n ná-veenkoloniale tydperk (1900 - vandag). Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om alleen aandag te gee aan die veenkoloniale tydperk en dan veral aan die jare 1830 tot 1860, toe Wopke Sjerps Wierda en sy gesin in Opsterland gewoon en gewerk het en Sytze Wopkes Wierda sy jeug- en skooljare daar deurgebring het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wopke Sjerps Wierda wat hom in die eerste helfte van die dertigerjare in Hemrik gaan vestig het, het na daardie omgewing verhuis toe die hoogveen feitlik afgegrawe was. Of, en in hoeverre, hy by die veengrawery betrokke was en vir 'n tyd lank sy bestaan daarin gevind het, kan nie met sekerheid gesê word nie. Weliswaar het die hoogveenontginning aan baie mense 'n redelik goeie heenkome gebied waardeur die bevolking van Op= sterland snel aangewas het. Veral op die „Opsterlandse Compagnonsvaart", wat in 1804 tot by Appelscha deurgetrek is, het 'n druk verkeer ontstaan. Ook ander plekke wat aan die „Compagnonsvaart" geleë is - Langezwaag, Kortezwaag, Lippen= huizen en Wijnjeterp - het 'n snelle uitbreiding ondergaan.[29]

Die veengrawery as 'n bestaansmiddel in die veenkoloniale tydperk (1700-1900), veral ten opsigte van die periode van die afgrawing van die „hoogvenen" (1700-1850) waaroor daar egter min gegewens bewaar gebly het, was vir die Opsterlandse geweste van besonder groot ekonomiese betekenis. Daardeur het daar lewe en bedrywigheid in die Woudstreek gekom en betrekkinge met ander geweste ontstaan.

Teen die einde van die 18de en die begin van die 19de eeu het die dorpe langs die vaarte 'n tweede jeug belewe, waar dikwels meer bewoners hulle gevestig het as in die agra= riese kern. Daar het arbeiders en skippers gaan woon, weldra gevolg deur boere en arbeiders wat op die dalgrond, wat in bewerking gebring is, boerdery-aktiwiteite begin het. Nadat die veengrawery afgeloop was, het die agtergeblewe arbeiders dikwels in behoeftige omstandighede geraak.[30]

Oor die algemeen het die arbeidersbevolking nie agter= gebly nie wanneer die vene in 'n bepaalde omgewing uitgeput geraak het, maar van plek na plek getrek: van Heerenveen na

---

Opsterland en gedeeltes van die omliggende „grietenijen" in die tweede helfte van die 17de eeu toe dit in die vóór-veenkoloniale tydperk (1200-1700) nog 'n dunbevolkte en suiwer boerestreek was. Plekname wat in hierdie en ander hoofstukke genoem word, kom op hierdie kaart voor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Langezwaag, van Langezwaag na Kortezwaag, van Kortezwaag na Gorredijk, van Gorredijk na Lippenhuizen, van Lippenhuizen na Hemrik, van Hemrik na Wijnjeterp, en vandaar na Donkerbroek en Appelscha in Stellingwerf. Op dié wyse het daar in Oost-Stellingwerf, naas die ou Fries-Saksiese dorpe, veenkolonies soos Nieuw Appelscha en Haule ontstaan, wat geheel en al uit Friese veenarbeiders bestaan het. Oor die algemeen het die veengrawery die Friese karakter van Opsterland versterk en die hele streek 'n nedersettingskarakter gegee.

In 1860 was die hoogveenontginning van Opsterland grotendeels afgeloop. Die groot aantal oorspronklike hoog=veenarbeiders het in 1880 tot slegs 150 gekrimp.

Naas die eintlike boerestand het daar deur die veen=grawery in Opsterland 'n landarbeiderstand ontstaan, onder andere in Ureterp, Kortezwaag, Lippenhuizen, Hemrik, Wijnje=terp, Bakkeveen en Appelscha. Namate die hoogveenontginning minder lonend geword en minder werk gebied het, moes die land=arbeiders probeer om ander werk te vind. Aanvanklik is sonder veel moeite werk in die „greidhoek" van Friesland en in die „bouwstreken" van Groningen gevind waar 'n tekort aan werkkragte gedurende die seisoensarbeid ondervind is.

Die vraag in hoeverre Wopke Wierda geraak is deur die veengrawery in Hemrik en Wijnjeterp, en watter gebruik hy en sy oudste seuns van die werkgeleenthede in hul omgewing gemaak het, is moeilik om te beantwoord. Vir landarbeiders en los-vas arbeiders - soos Wopke Wierda waarskynlik ook een was - was die werkgeleentheid ongeveer as volg: in die voorjaar was daar vir ongeveer ses tot nege weke „baggelen in de veenen"; dan kon daar vir drie weke by boere in die „greidhoek" hooi geoes word; daarna kon met behulp van die kinders ongeveer 25,- gulden per week met die rog-oes verdien word; voorts het die bokwiet en ertappeloes ook werkgeleentheid verskaf, en uiteindelik was daar ook nog die moontlikheid van 'n ver=dienste met die trek van vlas in Groningen. Vir persone met 'n mate van vakbekwaamheid is sommige van die fases van die siklus oorgeslaan en die tyd aan ander soorte werk bestee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Die groot veeboere en die welgestelde „middenstand" het vir die merendeel in Wijnjeterp, Lippenhuizen, Hemrik, Gorredijk en Beetsterzwaag gewoon.

In 1889 het landbouers 52,4% van die bevolking van Opsterland uitgemaak, terwyl 47,6% by die handel en nywerheid betrokke was. In 1899 en 1909 het die verhouding feitlik dieselfde gebly. Opsterland het dus 'n relatiewe groot agrariese bevolking gehad wat in drie groepe verdeel kon word, naamlik grondbesitters, pagters en arbeiders. In die tweede helfte van die vorige eeu was Opsterland die enigste Friese „grietenij" waar daar meer huurboere as „eigengeërfdes" aangetref is. In al die tydperke het die verhouding tussen pagters en grondbesitters ongeveer gelyk gebly, naamlik 5:3 in die Woudstreek. In 1805 was daar in Opsterland 55,3% pagters en 44,7% grondbesitters, terwyl daar in Wijnjeterp in dieselfde jaar 83% pagters was. Die grondbesittende klasse het bestaan uit die adel en patrisiërs, stigtings en ander liggame, groot en klein boerelandeienaars, landarbeiders en „koemelkers", terwyl die pagtersklasse uit pagter-veeboere, pagter-„koemelkers" en pagter-landarbeiders bestaan het.[31]

Wanneer daar aan die bevolking en bewoning van Hemrik in die eerste helfte van die negentiende eeu ~~gedink~~ word, moet daar rekening gehou word met die feit dat dit in werklikheid uit twee gedeeltes bestaan het: a. Langs die hoofweg, die „binnenweg" - waar ook die kerkgebou staan - het die boerderye gelê, merendeels groot boerderye, en 'n aantal arbeiderswonings, en b. Langs die veenkanaal, die „Opsterlandse Compagnonsvaart", op 'n afstand tussen 500 en 1 000 treë, naamlik parallel en suid van die hoofweg, het die merendeel van die arbeiders gewoon, maar ook enkele klein boere en drie welgestelde handelare wat van veenbase uit die familie Van der Sluis afgestam het.

Die Hemrikse milieu omstreeks die middel van die 19de eeu moet in die eerste plek voorgestel word as 'n „landbou-veenkolonie", waar die landbouers grotendeels langs die hoofweg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevestig was en die res van die verveners en arbeiders wat op ander maniere 'n bestaan gemaak het, veral langs die „Compagnonsvaart" en ook langs die dwarsvaartjies, ook „wijken" genoem.

As die ontwikkelingsgang van die veengrawery in ag geneem word, was dit in die omgewing van Hemrik eerder afgeloop as in Wijnjeterp, waar die vaart halfpad afboog na Donkerbroek in Stellingwerf, sodat die afgeveende gronde in Hemrik ook eerder vrygekom het vir die landbouers wat aanvanklik op klein skaal met landbou-aktiwiteite begin het.[32]

Wanneer die Eekhoff-Atlas van Hemrik, Wijnjeterp en om= streke, wat in 1859 die lig gesien het,[33] in oënskou geneem word, kan 'n beeld gevorm word van die ligging van Hemrik en Wijnjeterp, van die Hooi-, Buiten- en Binnenweg, van De Boorn-rivier of Ouddiep, van die „Opsterlandse Compagnonsvaart", van die afgegraafde „hoge venen", van die twee kerkgeboue en van die wonings van die arbeiders, boere en handelaars aan weers= kante van die Binnenweg en die „Compagnonsvaart".

Met gebruikmaking van die gegewens wat op die Eekhoff-kaart aangebring is, kan afgelei word dat daar omstreeks 1840 tot 1850 in die omgewing van Hemrik ongeveer 40 woonhuise aan weerskante van die hoofweg gestaan het en ongeveer 60 by Wijnjeterp, terwyl daar by Hemrik ongeveer 30 woonhuise aan beide kante van die „Compagnonsvaart" op die kaart opgemerk kan word en ongeveer 60 woonhuise by Wijnjeterp. Dr. Spahr van der Hoek wat 'n gedeelte van die Eekhoff-kaart van Opster= land op bygaande tekening oorgeneem het, skrywe dat „er mag eens een huisje aan ontbreken, het is verder vrij nauwkeurig..." Elders het hy reeds verwys na „grote en kleine boeren langs de Binnenweg, arbeiders en kleine boeren en neringdoenden langs de vaart of verspreid".[34]

'n Vergelyking tussen die Eekhoff-Atlas van 1859 en dié van Schotanus van 1664[35] toon duidelik aan watter verandering

---

Hemrik en Wijnjeterp omstreeks 1840 volgens die Eekhoff-kaart van Opsterland, nageteken deur dr. Spahr van der Hoek, van Beetsterzwaag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die omgewing van Hemrik en Wijnjeterp in die loop van bykans twee eeue ondergaan het. Van 'n suiwer boerestreek wat dun bevolk was, het dit in die loop van die tyd, veral as gevolg van die hoogveenontginning, 'n veenkoloniale karakter gekry, met 'n aanmerklike toename in die arbeidersbevolking van die streek en, na die afgrawing van die hoogveen, gekenmerk deur die aktiwiteite van die agtergeblewe boere- en arbeiderstand.

vi. Die beroep en lewensomstandighede van Wopke Wierda

Op grond van 'n sinsnede in 'n brief van Sytze Wierda aan die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1882 en 'n gesprek met een van sy dogters in Johannesburg in 1951, is aanvanklik deur die skrywer die mening gehuldig en rugbaar gemaak dat Wopke Wierda teen die helfte van die vorige eeu 'n vooraanstaande Friese perdeboer was, met ander woorde dat hy en sy kinders in 'n suiwer Friese boere-milieu gebore is en opgegroei het en dat Sytze Wierda in 1882 wel aanspraak daarop kon maak dat hy „in den boerenstand" gebore is.[36] 'n Studie van die huislike agtergrond, lewensomstandighede en beroep van Wopke Wierda en sy naasbestaandes het egter tot 'n ander gevolgtrekking gelei en as gevolg hiervan word die stand waaruit Sytze Wierda voortgekom en grootgeword het, tans in 'n ander lig gesien.

Wopke Wierda het vanaf sy geboorte in Tjerkgaast, tydens sy jarelange verblyf in Hemrik en tot met sy dood in Wijnjeterp, weliswaar in 'n Friese boeremilieu grootgeword en daarin sy bestaan gemaak maar dan nie as 'n vooraanstaande here- of perdeboer nie, maar as 'n arbeider op verskillende Friese boerderye en as 'n los-vas arbeider in diens van 'n verskeidenheid werkgewers. Sy bestaan het weliswaar vir die grootste gedeelte verband gehou met boerdery-aktiwiteite, egter nie as 'n selfstandige eienaar van 'n boerdery nie maar as 'n werknemer.

Sy vader, Sjerp Hylkes Wierda, net soos in die geval van sommige van sy voorouers, het in 1826 sy beroep as „huisman" aangegee, waaruit blyk dat sy boerdery op daardie stadium

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van heel beperkte omvang was en dat hyself waarskynlik as 'n „boertje" bekend gestaan het.[37]

Uit die feit dat die kinders van die Wierda-egpaar agter= eenvolgens in Luinjeberd, Langweer en Hemrik tussen die jare 1828 en 1843 gebore is en dat die gesin in 1850 na Wijnjeterp verhuis het, waar die vader in Julie 1859 oorlede is, kan af= gelei word dat die gesin van Wopke Wierda in daardie jare op bogenoemde plekke gewoon het waar die gesinshoof in die loop van die jare op verskillende boerderye of by ander werkgewers in die betrokke omgewings werksaam was.[38]

Omdat die beroep van Wopke Wierda vanaf 1819 tot 1826 as „landbouwer" en „boerenknecht" aangegee is en dit om daardie rede aanvaar is dat hy ook vóór en ná 1819 as arbeider by die boerdery-aktiwiteite betrokke was, is van die veronderstelling uitgegaan dat hy vóór en ná sy huwelik op verskillende plekke by die landbou betrokke was. Daar moet egter rekening gehou word met die moontlikheid dat hy algaande vanaf sy jeugjare by tye ook by die veenontginning betrokke kon gewees het.

Die vraag kan gestel word of die ouers van Wopke Wierda nie miskien vir hul seun werk in die veenbedryf gevind het nie, want dit is bekend dat menige landarbeider hul kinders so vroeg moontlik na omliggende veenbase en boere gestuur het om in hul diens 'n paar stuiwers by te verdien. Naas die veeteelt, landbou- of boerderybedryf en die nywerhede, het die veenont= ginning ook arbeidskragte opgeëis. Ofskoon Wopke Wierda al= gaande van Luinjeberd oor Langezwaag, Luxwolde en Hemrik na Wijnjeterp getrek het, is dit onbekend of hy in sy ooswaartse trek ook tot die sogenaamde „huttenproletariaat", wat by die veenontginning betrokke was, van die eerste helfte van die 19de eeu, behoort het.

Nadat die derde kind van die Wierda-egpaar in September 1832 in Langweer gebore is, het die gesin op een of ander tydstip ná September 1832 en vóór 21 Desember 1835 - die geboortedatum van Antje Wopkes Wierda - na Hemrik, die geboorte- en eertydse woonplek van Pietertje Roelofs de Vries, verhuis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar die beroepe van Wopke Wierda tot in die dertigerjare agtereenvolgens as „landbouwer", „boerenknecht" en „arbeider" aangegee is, is dit opmerklik dat hy vanaf 1835, benewens sy beroep as arbeider, ook as „slager" en „vleeschhouwer" bekend gestaan het, terwyl sy beroep in 1862, drie jaar na sy dood toe sy seun, Sytze, in Drachten in die huwelik getree het, as „boer" aangegee is, vermoedelik deur sy seun self of deur sy weduwee.[39] Toe hy die geboorte van sy seun, Sytze, op 1 Maart 1839 in Beetsterzwaag gaan aanmeld het, word die beroep van die agt-en-dertigjarige vader as „slager van Hemrik" aangedui, so ook by geleentheid van die volkstelling van Hemrik en Wijnjeterp in 1839 en 1849.[40] In die geboorte-aktes van sy kinders wat in 1835, 1839 en 1843 in Hemrik gebore is - Antje, Sytze en Hebeltje - word die beroep van die vader elke keer, sonder uitsondering, as „slager van Hemrik" aangegee.[41] Aangesien dié drie kinders respektiewelik in Desember, Februa= rie en Januarie - in die wintermaande - gebore is, is die verklaring van die aanduiding van sy beroep as slagter, moontlik geleë in die feit dat Wopke Wierda elke jaar tydens die herfs- en wintermaande sy werk as rondtrekkende huisslagter op die omliggende boerderye verrig het.[42] Wat hiermee bedoel word, is dat Antje, Sytze en Hebeltje Wierda gebore is in die wintermaande toe die los-vas arbeider, Wopke Wierda, as 'n byverdienste sy neweberoep as huisslagter beoefen het. Daarom kon hy telkens sy beroep na regte as „slager van Hemrik" aan= dui. As Antje, Sytze en Hebeltje daarenteen in die somer= maande gebore sou gewees het, sou Wopke Wierda sy beroep waar= skynlik as arbeider of boerekneg, of wat dit ook al was, aangegee het.

Op grond van bostaande verwysings na die beroep wat Wopke Wierda by verskillende geleenthede vanaf 1819 tot 1859 beoefen het, sowel as 'n verwysing na sy beroep in 1862, en op grond van 'n studie van sy afkoms, agtergrond, huwelik en lewensomstandighede, kan die gevolgtrekking gemaak word of tot die veronderstelling lei dat Wopke Wierda beslis nie 'n „eigengeërfde" boer was nie - dus ook nie 'n „vooraanstaande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Friese perdeboer" of 'n „Friese hereboer" nie - heel waarskynlik ook nie 'n pagter of huurboer nie, en ook nie 'n „huisman" of 'n „boertje", soos sy vader, Sjerp Hylkes Wierda, nie, maar in werklikheid iemand was wat net gedeeltelik en by tye by die boerderybedryf en ander aktiwiteite as los-vas arbeider betrokke was, en daarbenewens iemand met 'n mate van vakbekwaamheid as rondtrekkende huisslagter in die herfs- en wintermaande.

Hierdie gevolgtrekking of veronderstelling word bevestig wanneer die Hemrikse toestande in die eerste helfte van die negentiende eeu in aanmerking geneem word.[43] 'n Belangrike faktor wat in ag geneem moet word, is dat die Hemrikse wonings van die Wierda-gesin geen boerderye was nie. Die tweede woning van die gesin, nr. 23, word dan ook na hul vertrek in Mei 1850 deur 'n arbeider bewoon. Die afleiding kan dus gemaak word dat Wopke Wierda 'n arbeider was wat 'n arbeiderswoning in Hemrik bewoon het. Afgesien hiervan maak Wopke Wierda self ook die indruk dat hy in die eerste plek 'n arbeider was, ook op grond van die feit dat hy en sy gesin volgens die bevolk= ingsregister op 12 Mei 1850 na Wijnjeterp verhuis het.[44] Weliswaar was 12 Mei die datum waarop die woonhuis van 'n pagter of huurboer ontruim moes word nadat sy pag- of huur= ooreenkoms reeds in die begin van die voorafgaande Maartmaand verstryk het,[45] maar 12 Mei van elke jaar was ook die datum waarop die diens van boereknegte, -arbeiders en -diensbodes volgens die algemene en vaste gebruik 'n aanvang geneem het.

As hierby in aanmerking geneem word dat Wopke Wierda tydens sy lewe agtereenvolgens in Tjerkgaast, Luinjeberd, Langweer, Langezwaag, Luxwold, Hemrik, Wijnjeterp en moontlik ook nog op ander plekke gewoon en gewerk het en dat sy bestaan gekenmerk was deur 'n opvallende gebrek aan huisvastheid,[46] word tot die slotsom geraak dat hy nie 'n gevestigde slagter kon gewees het nie maar dat hy - in die lig van sy rondtrekkery - in die eerste plek 'n los-vas arbeider was, soms by boere, ander kere by ander soorte werkgewers.

Dit is verder ook seker dat Hemrik met sy geringe be= volking van ongeveer 350 siele, destyds, toe feitlik al die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mense op die platteland hul eie slagdiere aangehou het, geen behoefte sou gehad het aan 'n gevestigde slagter met sy eie slagplaas en slaghuis nie - soos wat in daardie jare reeds op groter dorpe aangetref is - in weerwil van die feit dat Wopke Wierda by verskillende geleenthede vanaf 1835 as „slager van Hemrik" beskrywe is. As 'n „los-vas arbeider" met 'n bykomen=de spesialisering vir die herfs- en wintermaande, pas Wopke Wierda egter goed in by die bevolking van Hemrik waarvan uit 'n totaal van 74 gesinshoofde in 1839, daar 20 groot en klein boere, 47 arbeiders en 7 ander was. Ook in Wijnjeterp het die arbeiderselement oorheers. Van die 143 gesinshoofde was 78 arbeiders, 34 groot en klein boere, met die „middenstand", ten getal van ruim 20, ietwat sterker verteenwoordig.[47]

Wanneer alle beskikbare feite in aanmerking geneem word, kan die afleiding gemaak word dat Sytze Wopkes Wierda uit 'n Friese arbeidersmilieu voortgekom het - eintlik 'n soort land=arbeiderstand - maar in die betekenis van arbeiders wat vir die merendeel in die Friese landboubedryf met sy verskillende vertakkinge werksaam was.

vii. <u>Die verhuising van die Wierda-gesin na Wijnjeterp</u>

Op 12 Mei 1850 - die datum waarop die diens van boere=knegte, -arbeiders en -bediendes gewoonlik ingegaan het en ongeveer twee jaar na die afsterwe van Antje Pieters de Vries, die moeder van Pietertje Roelofs Wierda op 11 April 1848 - het die Wierda-egpaar en hul vyf kinders, wie se ouderdomme op daardie stadium tussen 22 en 7 jaar gewissel het, na Wijnjeterp verhuis. Wat die rede vir die verhuising van die gesin was, kon nie vasgestel word nie. Moontlik was daar in Wijnjeterp meer werkgeleentheid en beter vooruitsigte vir die vader en sy oudste seuns.[48]

Die beroep van die gesinshoof tydens sy Wijnjeterpse verblyf word in die owerheidsdokumente nog steeds as slagter aangegee, maar daarbenewens - drie jaar na sy dood - ook as boer.[49]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Te Wijnjeterp het die Wierda-gesin tot met die oorlye van Wopke Wierda op 21 Julie 1859 in huis nommer 45 gewoon.[50] Volgens 'n mededeling van een van sy afstammelinge het Wopke Wierda se woonhuis te Wijnjeterp „weg van de weg" gestaan. Of hy daardeur wou te kenne gee dat die Wierda-woning nie aan die hoofweg nie, maar aan die „Opsterlandse Compagnonsvaart" geleë was of êrens in die veld gestaan het, is nie seker nie.[51]

Oor die verblyf en aktiwiteite van Wopke Wierda in Wijn=jeterp is daar feitlik niks bekend nie. Ná sy dood in Julie 1859 het sy weduwee en sommige van haar ongetroude kinders nog vir 'n tyd lank in dieselfde woonhuis te Wijnjeterp bly woon, waar die moeder as „landbouwerske" die sorg van haar gesin op haar skouers geneem het.

Toe Sytze Wierda op 15 Maart 1862 in die huwelik getree het, het sy moeder en sommige van haar kinders nog steeds in Wijnjeterp gewoon. Met daardie geleentheid het sy van Wijn=jeterp na Smallingerland gereis om in Drachten die huwelik van haar jongste seun met Harmke Kamp by te woon.[52] Toe die kinders vroeg in die sestigerjare een na die ander hul eie koers ingeslaan en hulle sonder uitsondering elders in Friesland gaan vestig het, het sy ook noodgedwonge Wijnjeterp vaarwel toegeroep en van toe af tot met haar dood in 1879 afwis=selend by haar twee getroude dogters gaan woon.[53]

## 3. DIE GESIN VAN WOPKE EN PIETERTJE WIERDA

Die oudste kind van Wopke Wierda en Pietertje de Vries was Antje, wat omstreeks 8 November 1826 in Nijega (Don.) gebore en op 20 Desember van dieselfde jaar in Hemrik oorlede is.[54]

Die tweede oudste kind was 'n seun, Roelof Wopkes Wierda wat op 6 Julie 1828 in Luinjeberd, 'n dorpie naby Heerenveen, gebore is. Hy het aanvanklik as arbeider in Hemrik gewerk. Op 'n keer het hy vertel dat hy „'s winters" sy vader met die slag van diere gehelp het en dat hy en sy vader in die winter=maande rondgetrek en die varke en ander diere van die boere geslag het. Die veeleisende werk is onder ongure

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weersomstandighede verrig. Elke barre Friese winter het hy en sy vader, later bygestaan deur Sjerp Wopkes Wierda, van plaas tot plaas getrek ten einde hul deeltydse werk as huis=slagters te verrig. Hulle was menigmaal na 'n vermoeiende dagtaak en ver van hul huis genoodsaak om die koue nagte êrens in „een hoekje in de schuur, die als nachtverblyf diende" deur te bring.

Op 9 Mei 1857 is hy in die „gemeente" Opsterland in die huwelik bevestig met Rinske Jans Mulder, gebore op 21 April 1830 in Ureterp as dogter van Jan Jans en Bartje Jans Jansma.

Roelof Wopkes, wie se beroep in 1859 as landbouer en arbeider aangegee is, het in die loop van daardie selfde jaar waarin sy vader in Wijnjeterp oorlede is, na die „gemeente" Oosterwolde verhuis, waar hy hom as boer in Donkerbroek gaan vestig het.[55] Die indruk word gewek dat hy hom op sy boerde=ry veral met die teel van varke besig gehou het.[56] Dit is opmerklik dat die jongste broer en sy gesin tydens hul Amsterdamse verblyf feitlik nooit van sy ouer broers in Oosterwolde briewe gekry of persoonlike besoeke ontvang het nie. Dit het Sytze Wierda nogal 'n mate van leed veroor=saak.[57] Van sy kant, egter, het hy in sy briewe aan sy moeder, suster Antje en swaer Evert van den Bos gereeld navraag gedoen na die welstand van sy broers en susters in Friesland.[58]

Roelof Wopkes Wierda is teen die einde van die eerste helfte van 1897 in Donkerbroek, waar hy hom vir bykans twintig jaar op die boerdery toegelê het, oorlede.[59]

Na Roelof Wopkes het Sjerp Wopkes gevolg. Hy het die lewenslig op 26 September 1832 in Langweer aanskou.[60] Dit is nie seker watter beroep hy gevolg het toe hy nog in sy ouerhuis op Hemrik en Wijnjeterp gewoon het nie. Vermoedelik was hy, net soos sy vader, ook 'n los-vas arbeider, veral in die boerderybedryf, terwyl hy in die herfs- en wintermaande sy vader en ouer broer met hul slagterswerk op die omliggende boerderye behulpsaam was.[61]

i16009009
b15411011

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sjerp Wopkes het op 2 Mei 1863 in die „gemeente" Smallingerland in die huwelik getree met Teetske Sietzes de Boer, gebore op 1 November 1837 in Noorder-Drachten as dogter van Siëtze Jans en Antje Wouters Veenstra. Die dertigjarige Sjerp was in daardie stadium werksaam in die landboubedryf in Wijnjeterp. Uit hierdie huwelik is Pietertje Sjerps Wierda op 31 Maart 1864 in Wijnjeterp gebore.[62]

Kort na die geboorte van hul eerste kind, het Sjerp Wopkes en sy gesin Wijnjeterp verlaat en hulle op 21 Mei 1864 in Donkerbroek gevestig waar die gesin in „huizinge" 197 gaan woon het. 'n Ander bron stel hul vertrek uit Wijnjeterp op 12 Mei 1864. Uit sy huweliksakte en sy vertrekdatum na Oosterwolde kan afgelei word dat hy heelwaarskynlik, sowel in Wijnjeterp as aanvanklik in Donkerbroek as boere-arbeider of -kneg werksaam was.[63] Hy was vir die grootste gedeelte van sy lewe in die landboubedryf werksaam en nadat hy en sy gesin vir bykans veertig jaar in Donkerbroek gewoon het, het hulle in 1903 na Wateren, in die provinsie Drenthe verhuis. Toe die eggenote van Sjerp Wopkes in 1896 oorlede is, het Sytze Wierda en sy gesin vanuit Pretoria 'n geskenk van 200,- gulden aan hul broer in Donkerbroek gestuur en daardeur getoon dat hulle hul familiebetrekkinge in Friesland nog nie vergeet het nie.[64]

Die vierde kind van Wopke en Pietertje Wierda was Antje Wopkes Wierda wat op 21 Desember 1835 in Hemrik gebore is.[65] Oudergewoonte het sy die naam ontvang van haar suster wat voor haar gebore, maar kort na haar geboorte oorlede is.

Sy was twee keer getroud, die eerste keer op 10 Mei 1866 in die „gemeente" Opsterland met Gosse Martens Jansma, gebore in Beetsterzwaag op 6 Maart 1831 as die seun van Marten Gosse en Jeltje Wiebes de Boer, en aldaar oorlede op 6 April 1873. Gosse Jansma was 'n boer in Beetsterzwaag en deur sy huwelik met Antje Wopkes Wierda het sy as 'n boerevrou weer in die geleentheid gekom om die tradisies van haar verre Friese voorouers voort te sit. Na die afsterwe van haar eerste man het sy en haar kinders in Beetsterzwaag bly woon en die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boerdery behartig. Op 6 April 1874 is sy vir 'n tweede keer getroud, hierdie keer met Evert van den Bos, 'n seun van Sake Andries en Pietertje Everts Remery. Hy is op 17 November 1848 in Duurswoude gebore waar hy ook as volwassene in die landboubedryf werksaam was.

Tydens die volkstelling van 1859 het Antje Wopkes nog geen beroep beoefen nie terwyl sy saam met haar weduwee-moeder in Wijnjeterp gewoon het. Ongeveer twee jaar voor haar eerste huwelik in Mei 1863, word haar beroep as naaister aangegee en op 1 Desember 1861 word vermeld dat sy intussen na die „ge= meente" Oosterwolde verhuis het. By 'n ander geleentheid word na haar as 'n „boerin" verwys. Net soos in die geval van haar moeder, was Antje Wopkes Wierda vir die grootste ge= deelte van haar lewe sydelings of aktief betrokke by boerdery-aktiwiteite van diverse aard in Friesland, miskien meer nog as haar moeder in die lig van die getuienis dat Wopke Sjerps Wierda as los-vas arbeider ook buite die landboubedryf werk= saam was.

In teenstelling met die res van die kinders van Wopke en Pietertje Wierda, het daar meer gegewens oor die huislike omstandighede van Antje Wierda bewaar gebly as oor dié van haar broers en suster, te danke aan die feit dat 'n hele aantal briewe wat Sytze Wierda en sy eggenote tussen die jare 1873 en 1911 aan hul moeder, suster Antje en swaer Evert van den Bos geskrywe het, bewaar gebly het.[66]

Afgesien van die pluimvee- en suiwelboerdery waarmee Evert van den Bos en sy gesin hulle besig gehou het, is daar ook aandag gegee aan die verbouing van rog, bokwiet en die teel van Friesperde.

Daar het 'n baie goeie verhouding bestaan tussen die gesinne van Antje van den Bos en Sytze Wierda. Sytze het by meer as een geleentheid geld aan sy swaer en suster voorge= skiet en hy en sy gesin het in die loop van die jare gereeld besoeke by die Wierda- en Kamp-families in Friesland afgelê, terwyl Antje van den Bos baie graag wou gehad het dat haar jeugdige dogter deur haar skoonsuster Wierda as diensmeisie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in hul Amsterdamse huishouding opgeneem en opgelei word.

Antje van den Bos het deur die jare steeds baie aktief en gesond gebly. Toe sy in Augustus 1903 by haar dogter in die omgewing van De Wilp gewoon het, het sy aan haar broer Sytze geskrywe dat hulle twee hier op aarde mekaar seker nie weer van aangesig tot aangesig sal sien nie. So het dit ook gebeur. Terwyl Sytze Wierda en sy eggenote in die begin van 1906 tydelik by hul dogter en skoonseun, C.J.G. van Hoogstraten, in Bloemfontein in die Oranje-Vrystaat, woonagtig was, het die berig van die oorlye van suster Antje hulle kort vantevore bereik.[67]

Na Antje Wopkes Wierda is Sytze Wopkes Wierda in 1839 in Hemrik gebore en ná hom, weer 'n dogter, op 20 Oktober 1841, ook in Hemrik. Sy is egter doodgebore.[68]

Die sewende en laaste kind van Wopke Wierda en Pieter=tje de Vries was weer 'n dogter, Hebeltje Wopkes Wierda, wat ook in Hemrik op 30 Januarie 1843 gebore is. In 1859 het sy nog geen beroep gehad nie, ook nie in Desember 1861 nie, maar het sy as ongetroude jongedogter en lidmaat van die Nederlands Hervormde Kerk saam met suster Antje Wierda by haar moeder in Wijnjeterp gewoon. Sy is op 11 Maart 1863 in die „gemeente" Opsterland met Harmen van Seijen getroud. Hy is op 22 No=vember 1838 in Lippenhuizen gebore en was 'n seun van Hendrik Harmens en Sytske Binnes Binsma. Ten tyde van die huweliks=bevestiging was die vier-en-twintigjarige bruidegom 'n timmermanskneg van beroep.

Toe Antje Wierda in April 1874 vir die tweede keer in die huwelik getree het, het haar moeder dieselfde tyd haar intrek geneem by Harm en Hebeltje van Seijen in Haulerwijk.

In 1880 het Hebeltje aan nog 'n kind geboorte geskenk en in Mei van die volgende jaar het die berig van haar onver=wagse afsterwe op die jeugdige ouderdom van 38 jaar haar broers en suster in Friesland en Zuid-Holland bereik. Met die oog op die versorging van die agtergeblewe wese, het Harmen van Seijen 'n paar maande na die oorlye van Hebeltje, weer in die huwelik getree.[69]